



# KAMMANUUS

Nommer 372

7 April 2014

'n Publikasie van Onsdorp.com

## TOULEIER



## 'n Paar goeie wenke vir as jy die slag vlieg

**E**k en Kamermaatjie vlieg weer later die maand Duskantland toe vir 'n skoolreunie en gaan 'n slag n ander roete en lugdiens probeer. Daar is party mense wat roem dat hulle partykeer meer ure in die lug spandeer as op die grond.

Ons twee kan nou nie juis saam met die groot honde blaf as dit by so baie rondvlieg kom nie, maar ons het darem al 'n redelike klompie myle agter die rug en ek reken ons het genoeg ondervinding van lughawens en sit in 'n vliegtuig om met vertroue te kan saamgesels as dit by die moets en moenies kom en die baie maniere wat mens dit vir jousef of moeiliker of makliker kan maak as jy lang ure moet vlieg of vir ewig moet oorbly op 'n lughawe terwyl jy wag vir jou aanknopingsvlug.

Hoewel mens darem meestal redelike diens op meeste lughawes en -dienste kry, is daar to die klompie wat wil hou by die leuse: "Ons is nie gelukkig voor julle nie ongelukkig is nie." Lees weer wat ek so pas geskryf het. Dis veral van toepassing op grondpersoneel. Hulle is mos die klomp wat oorbly as al die lugwaardinne klaar aangestel is. Hulle het dus klaar 'n rede tot mor. Klaar 'n doelwit om dit vir hul maats wat mag en kan vlieg, so moeilik as moontlik te maak.

Die manier om te keer dat hulle negatieweit jou aantast is om jou eie agenda saam te stel wat jou besig gaan hou en wat jou gaan laat vergeet van kla oor ander se akkies. Daar is 'n paar sulke geheime takies of aksies wat jy vir jousef kan opstel.

### **Wees vriendelik met die lugspan**

Om ure lank vir jou drankies aan te dra en om jou so gemaklik as moontlik te hou in daai beknoppte en bonsende staalpyl in die lug is nie so maklik nie en hulle kry nie die wêreld se beste salarisse nie. Kyk na hul naambordjies en maak oogkontak as jy begin met die persoon se naam en sê: "Dankie Estelle, dat jy my vandag terugneem Suid Afrika toe."

Jy sal nie die verskil in behandeling glo tussen jou en daai klakous wat neul oor die min plek in die oorhoofse rakke en die baba wat huil in die volgende ry nie.

### **Praat maar met jou medereisiger**

Op baie vlugte sit jy ure lank net twee duim van jou medemens af. Waar anders gaan jy jou in dieselfde sitasie bevind en dan jousef nooit voorstel nie? Dis mos doodnatuurlik om jousef voor te stel, te vertel waarheen jy gaan en waarvandaan jy kom en dan ook te vra wat die ander persoon daar doen en waarvandaan hy of sy is.. En wie weet, miskien maak jy 'n nuwe vriend, of n kontak in 'n vreemde land.

### **Omskep vlugwoede en frustrasie in waardering en dankbaarheid**

Weersomstandighede en meganiese probleme kan jou ure laat wag. Dan is daar lang toue van grommende en self onwelriekende passasiers, huilende babas wat jou sitplek bly skop van agter af. Die lys gaan aan en aan.

Onthou, baie van die ongeriewe is eintlik 'n bedekte seën. Laat die meganiese probleem eerder op die grond ontdek word as in die lug. Laat die baba eerder agter jou tjank as wat hy siek raak oor jou skoot.

Laastens, terwyl jy so wil knor en mor, dink aan die voorsate wat al vir duisend jare wou doen wat jy nou kan doen: Vlieg! Om binne ure tussen kontinente te kan beweeg en wêreld en plekke te kan sien wat jy anders net van kon droom. Wees dankbaar!

Hennie Greeff

Doha, Katar

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**

# Om die kampvuur

## KNAP BYNAME

- ♣ Oom vat gewoonte gehad het om sy tong te kou: Kieste.
- ♣ Oom met glasoo: Eenlig.
- ♣ Opvlieënde man: Vonkprop. In Victoria Wes, waar ene Mannetjies vandaan kom, was die bynaam van die plaaslike werktuigkundige 'Maakgoukla'.
- ♣ Samjoor wat hakkel: Storings
- ♣ Genl. Constand Viljoen se bynaam was Stofstrepie - altyd haastig.
- ♣ Korporaal wat F-woord besonder kwistig gebruik het: Fok-Fok
- ♣ Ook uit Namakwaland: skoolopsigter met die bynaam Seekat. Kinders kan spitsvondig wees - en wreed. Die stomme man het net een arm gehad.
- ♣ Wetenskap-onderwyser se bynaam was H2O, nie vanwee sy vakgebied nie, maar omdat hy groot bak-ore gehad het. H2O het beteken Helse 2 Ore
- ♣ En dan was daar die oom in die Koue Bokveld: Woelgulp. Hy het 15 kinders gehad.

## SLIM LOGO'S (5)

**Maatskappye bestee klein fortuintjies aan die ontwerp van logo's. Miskien sal jy nou verstaan hoekom, en in die toekoms fyner oplet!**



**Die embleem vir die Milwaukee Brewers. Die bofbalhandskoen vorm die letters M en B. Hierdie logo is deur 'n student ontwerp.**

## Kaapse sêgoed

Die Kaap se bruin mense is bekend vir hul oorspronklike en gevatte sêgoed. Soos die jong man wat in 'n winkel baie te sê het en aanlê by 'n ouer vrou. "Is sy nie bietjie te jonk vir jou nie?" "Nei, ghwaan. Die oudste brood maak mos die lekkerste frikkadelle!"

## Die herkoms van ons gesegdes (26)

**Naelskraap:** Dit het naelskraap gegaan; dit was naelskraap (dit het byna gebeur)

In Nederlands beteken nagelschrapsel "totaal niks". Dit het dus amper niks geskeel (soos die skraapsel onder 'n nael uit) nie of die teenspoed het iemand getref.

**Nagmerrie:** 'n Nagmerrie ('n benoude droom)

Die nagmerrie het niks met perde te make nie, maar gaan terug op Nederlands nachtmare, waar die mare "kwelgees" beteken het.

**Nagskuit:** Met die nagskuit kom (nie weet waarom gepraat word nie)

Dié uitdrukking het letterlik beteken "te laat kom", met die verdere toepassing dat 'n mens dan nie sou weet wat die onderwerp van die gesprek is wat jou koms voorafgegaan het nie. Die nagskuit het baie duidelik gekom nadat die mense al gaan slaap het.

**Nat:** Iemand is nat agter die ore (iemand is nog jonk en onervare)

Na aanleiding van 'n pasgebore bokkie of kalf wat nog nie skoon gelek is of droog geword het nie.

**Neet:** Sit (klou) soos 'n neet (baie vas sit/kleef)

'n Neet is die klein wit eiertjie van 'n luis wat met 'n gomagtige vloeistof aan hare vasgelym word en dus moeilik verwyder word.

**Neseier:** 'n Neseier ('n som geld vir 'n bepaalde doel)

Na aanleiding van die ou gewoonte om 'n porseleineier in 'n nes te plaas om die hen aan te moedig om daar te lê. Die idee was dus om die neseier te laat vermeerder sodat dit vir 'n bepaalde doel gebruik kon word.

# Duskantlander in Anderkantland

---

## Rwanda se voorbeeld slaan jou asem weg

### Brief van Dave Lizamore

Liewe Amore, liewe luisteraars,

Na al die jare ken julle my mos as een van die aarde se mees deurweekte bitterbekke, en ook as uitgesproke sinikus. Ek beskou meeste mense redde-loos verlore, oninteressant en gewetenloos, en dit geld veral vir die inwo-ners van onse kontinent.

Bykans elke stad in Afrika is 'n nagmerrie van besoedeling, onvoltooide projekte, opdrifsels van vuilgoed en lugbesoedeling. Chaotiese verkeer, onpadwaardige voertuie en varkagtige gedrag van bestuurders bevestig elke keer dat hier geen beplanning is nie, dat elke mens eenvoudig net vir homself sorg, en dat omgee vir jou medemens nie meer bestaan nie.

En toe, 'n paar dae gelede, land ek vir die eerste keer in my lewe met 'n groepie ekotoeriste van Live the Journey in Kigali, die hoofstad van Rwanda. Toe ons die lughawe uitry, het dit dadelik doodstil in ons bus geword en almal het sprakeloos na buite gestaar en eers minute later tot hul sinne gekom.

Dis nou drie dae later, en steeds kan my gaste nie uitgepraat raak nie - in die stede, langs die nasionale paaie is daar nie 'n stukkie papier of rommel te bespeur nie. Net waar jy kyk is daar groot plakkate wat uitroep Keep our Country Clean! Regdeur die land tel mense rommel op, vee stof en blare op hopies, en sny heinings netjies.

Maar dit hou nie by netheid op nie Amore, dis net die begin van een van die verrasendste en verfrissendste sosiale revolusies wat ek al ooit gesien het.

'n Mens kan jou beswaarlik indink dat so onlangs soos 1994, Rwanda betrokke was in een van die skrikwekkendste volksmoorde in die geskiedenis van die mensdom. Die slagting was op 'n byna ondenkbare skaal en het 'n mens laat dink aan die gruwels van die Middeleeue.

Uit die puin van vernietiging en ondenkbare lyding het die leiers van die land besluit om die herstel tot vrede en voortvarendheid opnuut aan te pak.

Die eerste teiken was korrupsie, en binne twee jaar het hulle dit wortel en tak uitgeroei deur eenvoudig lokvalle vir korrupte amptenary te stel en hul brutaal uit die sisteem te boender. Die boodskap was klokhelder - indien ons land wil groei met vertroue, moet ons saamstaan teen misbruik en diefstal.

Alle motorfietsbestuurders wat 'n taxidiens bedryf dra 'n veiligheidshelm met 'n spaarhelm vir die passasier. By taxi-staanplekke staan almal netjies in 'n ry en wag hul beurt geduldig af. Ek is stomgeslaan oor die orde in hierdie land. Sodra jy die stad verlaat, sien jy verder tekens van innovernde denke om landbouproduksie op te stoot, mense te laat saamwerk in koöperasies en om die produkte teen regverdige pryse te bemark.

Nuwe damme word gebou vir visplase met hoender- en haashokke bo die water. Die mis val in die water, die water word verryk en so word die visse vinniger groter danksy die alge wat in die vrugbare water groei.

Daar is byeplase, landerye vol piritieen vir die produksie van organiese en ekovriendelike insekdoder en mielielande wat die Vrystaat sal laat bloos.

Hiermee wil ek net dit se Amore: Waar daar 'n gesonde politieke wil is, is daar 'n menslike en beskaafde weg. Dit maak my triestig om te sien dat die politieke bestel in Suid-Afrika uitsluitlik gefokus is op selfverryking terwyl ons hierdie lieflike voorbeeld aan eie deur het. Ek voorspel dat die geskiedenis ons gaan verdoem en Rwanda gaan verheerlik. Laat die wat oë het om te sien en ore het om te hoor, nou kennis neem van die suksesse van Rwanda.

Met groetnis

Dave

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



## MAKLIK SOOS DIT

'n Voor-op-die-wa-verslaggewer loop Phil Mickelson raak en sê:

"Jy is ongelooflik goed, jou naam is sinoniem met gholf.

"Jy ken regtig jou pad om die baan. Wat is jou geheim?"

Waarop Mickelson hom koeltjies antwoord:

"Dis maklik, die putjies is almal genommer."

## LEGENDES

Navorsing het bewys dat die ooievaar nie verantwoordlik is vir babas nie. Dis blykbaar n baie kleiner voëltjie...

## REGTE AFLEIDING

Koos vat sy gesin Kaap toe vir 'n vakansie.

Jannie speel op die strand en maak maatjies met 'n bruin seuntjie.

Na hulle 'n rukkie gespeel het sê Jannie vir sy maatjie:

"Jy's seker 'n local, want ek sien jou voortanne is weg."

Die maatjie sien Jannie se draadjies en sê vir hom:

"En djy's seker van Gauteng?"

"Hoe't jy geweet?" vra Jannie.

"Want ek sien djy het burglar bars op djou tanne!"

## ONTBLOTENDE GEBED

Dit was aandete en die klein seuntjie is gevra om voor te gaan in gebed.

"Maar ek weet nie hoe om te bid nie," protesteer hy.

"Bid net vir jou familieledede, vriende, bure, die armes, ens.," sê sy pa.

"Oukei," stotter hy.

"Liewe Vader, dankie vir ons besoekers en hul kinders wat al my koekies en roomys opgeëet het.

"Seën hulle sodat hulle nie weer kom nie. Vergewe ons bure se seun wat my suster se klere uitgetrek en op die bed met haar gestoei het.

"Stuur asseblief hierdie Kersfees klere vir al daai arm, kaal vroue op my pa se Blackberry.

"En verskaf skuiling aan al die mans watmy ma se kamer gebruik wanneer my pa by die werk is. AMEN."

Die aandete is summer gekanselleer.

## VROUE EN KATTE

Dis baie vreemd hoeveel vroue van katte hou. Katte kom nie wanneer hulle geroep word nie, hulle luister nie, hulle bly die hele nag lank uit en wanneer hulle tuis is, wil hulle alleen gelaat word en slaap.

Met ander woorde alles wat vroue in mans haat, hou hulle van as katte dit doen.

## SIMPEL VRAAG

Dokter aan die swanger prostituut:


"Weet jy wie die vader is?"

Sy: "Is jy simpel? As jy 'n blik sousbone geëet het, hoe weet jy watter boontjie is dit wat jou laat poep?"

## MADAM & EVE deur Stephen Francis en Rico







Ses getroude mans word op 'n eiland afgelaai. Hulle het een motor en elkeen moet **drie kinders** ses weke lank oppas.

Elke kind neem aan **twee sportsoorte** deel en neem óf **dans- óf musieklasse**.

Daar is nie saamneemkos of kitskosse nie.

Elke man sy drie kinders oppas en sy huis skoon hou, die kinders se huiswerk nasien, wetenskapprojekte voltooi, kook, wasgoed was en stryk en 'n klomp denkbeeldige rekeninge sonder genoeg geld betaal.

Elke man moet genoeg **geld** begroot vir **elke week** se kruideniersware.

Elke man moet die verjaardae van **al hul vriende en familie** onthou en betyds vir hulle kaartjies pos – daar's nie e-pos nie.

Elke man moet ook elke kind neem vir sy doktersafspraak, tandartsafspraak en haarsny.

Hy moet ook **eetgoed** vir 'n **skoolfunksie** neem.

Elke man sal verantwoordelik wees om sy huis buite te versier, blomme te plant en **alles netjies te hou**.

Hulle mag slegs TV kyk wanneer **al die takies afgehandel is** en die kinders slaap.

**Hulle moet elke dag hul beenhare skeer, elke dag grimering en juweliersware dra,** byderwetse maar **ongemaklike skoene** dra en hul **vingernaels versorg** hou.

Gedurende die ses weke moet hulle erge maagkrampe, rugpyn en hoofpyn en gemoedsteurnisse verduur **sonder om te kla** of hul take af te skeep.

Hulle moet weeklikse kerk- en skoolbyeenkomste bywoon.

Hulle moet elke aand vir die kinders **uit 'n boek lees** en hulle soggens **voer, klee, hul tande borsel en hul hare teen 07:30 gekam hê**.

Aan die einde van die ses weke moet hy elke kind se lengte, gewig, klere- en skoengroottes ken en weet wat hul gunsteling kleur, lekkergoed, liedjie, drankie en speelding is en weet wat hulle wil wees as hulle groot is.

Die laaste man wen – maar net as hy genoeg energie oorhet om op **kort kennisgewing** intiem met sy vrou te verkeer.

As die laaste man wen, kan hy die speletjie vir die volgende 18-25 jaar oor en oor speel en uiteindelik die titel van **MOEDER** verdien.

# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak



### Gholfstories

Die jong man en die priester was besig om saam gholf te speel. Die priester vra:

"En waarmee gaan jy vir hierdie putjie slaan, Seun?"


"'n 8-yster, Vader. En u?"

"Ek gaan 'n sagte 7-yster slaan en bid."

Die jong man slaan sy 8-yster en kry sy bal op die setperk.

Die priester slaan sy 7-yster en die bal rol net 'n paar meter.

Jong man: "Ek weet nie van u nie, Vader, maar in my kerk hou ons ons koppe af wanneer ons bid."



Die polisie word na 'n woonstel ontbied en vind 'n vrou met 'n bloederige 3-yster wat oor 'n leweloze man staan.

Speurder: "Mevrou, is dit u man?"


"Ja," sê die vrou.

"Het jy hom met die gholfstok geslaan?"

"Ja," antwoord sy en begin bitterlik huil en laat die gholfstok val.

"En, sê my, hoeveel houe het jy hom geslaan?"

"Ek is nie seker nie. Teken my maar aan vir 'n vyf."



Die gholfspeler het sy bal op die eerste perk geplaas, 'n magtige swaaihou gelos en sy bal tussen 'n klompie bome ingeslaan.

Hy sien daar is 'n opening tussen twee bome en dink hy kan die bal daar deurslaan.

Hy swaai met sy 3-hout, die bal tref 'n boomstam, bons terug, tref hom teen die voorkop en hy sterf.

Toe hy by die hemel se hekke kom, vra Petrus:

"Is jy 'n goeie gholfspeler?"

"Wel," antwoord die man, "ek het met twee houe hier gekom, nie waar nie?"



### Fabriek se reëls oor mans

'n Sekere fabriek het die beleid gehad dat hulle net getroude mans in diens neem.

Die leier van die Vrou se Bevrydingsfront het die hoofamptenaar van die fabriek gebel en navraag gedoen oor hierdie vorm van diskriminasie.

"Hoekom," vra sy, "beperk jy jou werkers tot getroude mans? Is dit omdat jy ons vroue beskou as swak, dom, prikkelbaar, koppig, vloermoer-gooiers of baasspelerig?"

Die hoofamptenaar het geantwoord:

"Nee, mevrou. Dis net ons beleid om mense in diens te neem wat:


◆ Gewoond daaraan is om opdragte uit te voer sonder om hulle te bevraagteken

◆ Daaraan gewoond is om rondgestoot te word

◆ Weet hoe om stil te bly

◆ En enigiets sal verdra, selfs al skree ek op hulle.

Ons ondervinding is dat ons sulke eienskappe slegs onder getroude mans aantref."



### Toe nie heeltemal so goed nie

Die ou man was besig om sy kelder reg te pak toe hy op 'n stowwerige skildery en 'n stokou viool afkom. Hy het gewonder of hulle iets werd is, en vat dit vir 'n afslaer om dit te evalueer.

Die volgende week bel die afslaer en sê hy is baie seker dis 'n Rembrandt en 'n Stradivarius wat ingebring is.

"Dis wonderlik!" skree die man, "Dan is ek mos skatryk!"

"Wel, nie heeltemal nie," sê die afslaer.

"Ongelukkig was Stradivarius 'n baie swak skilder en Rembrandt het aaklige viole gemaak."

# Stamboom

## Help ons familiespeurders

**BECKER** johnman@telkomsa.net

My familie was van Oos London. Ek weet net my ouma was oor die 100 toe sy gesterf het.

**ESTERHUYSE** lizette.ras@gmail.com

Nicolaas Johannes Albertus Esterhuyse

15.02.1858 - 12.01.1925, getroud met Anna Hendrina Engela Cloete

28.06.1865 - 05.05.1915.

**GOUS** eleanormargueritegauch@gmail.com

6 September 1951. Lewe. My broer, Jan Thomas Gerard Gous - twee kinders v. Sarel Jacobus Gous en Marguerite Tredoux Martens. Sarel was Prof en Dekaan by UPE.

**GOUS** eleanormargueritegauch@gmail.com

Soek ander familie lede met die van Gous. Die Gouse kom van Vergenoeg naby Olifantshoek in die Kalahari. My Oupa S J Gous was getroud met Helena Schreuder - Soek ook familie van die Schreuders.

**KRUGER** devancon@iafrica.com

Op soek na Johannes Jacobus Kruger. Getroud met Aletta Helena Petronella (Botha) 1919 in Benonie. Gebly op Putfontein. Mynwerker. Geskei 1942 en trou toe met ? Elsie?

**TREDOUX** eleanormargueritegauch@gmail.com

Soek inligting my moeder MARGUERITE TREDOUX MARTENS oorlede - familie Tredoux. Haar vader, Dominee Thomas Martens van N G KERK Port Elizabeth - hy was op skool in Pietermartizburg met een broer Philip.

**VAN DER WATT** Hermanvanderwatt@yahoo.com

Abel Hermanus van der Watt gebore 1907/02/07.

**VIA MINNIE** viaminnie1@gmail.com

Stamregister van Minnie Adriaan Pieter geboorte en sterfte datum onbekend. Begrawe in Frankfort, Vrystaat. Jan Willem Jacobus, seun van bogenoemde is begrawe in Heidelberg Gauteng.

## Die priester en die rabbi gesels op 'n vliegtuig . . .

Die priester en die rabbi sit langs mekaar in die vliegtuig.

Na 'n rukkie draai die priester na die rabbi en vra:

"Mag julle steeds nie varkveis eet nie? Het jy al vark geëet?"

Rabbi: "Ja, ek het een keer aan die versoeking oorgegee en 'n hamtoebroodjie geëet."

Die priester het net geknik en aangehou om sy boek te lees.

'n Rukkie later vra die rabbi:

"Vader, dring jou kerk steeds daarop aan dat jy voor die huwelik selibaat moet bly?"

Priester: "O, ja, dit is nog een van die hoekstene van ons geloof."

Rabbi: "En sê my Vader, het jy ooit toegegee aan die versoeking van die vlees?"

Priester: "Ja, rabbi. Ek was een keer swak en het oortree."

Die rabbi het begripvol geknik en vyf minute lank stilgebly. Toe sê hy:

"Dis darem baie lekkerder as 'n hamtoebroodjie. nè?"

## S O M S

As jy huil, sien niemand jou trane nie.

As jy in pyn is, sien niemand jou seer nie.

As jy bekommerd is, sien niemand jou stres nie.

As jy gelukkig is, sien niemand jou glimlag nie.

MAAR los net een windjie en almal let dit op!

# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



Dit vat aan 'n man as hulle jou oom noem en jy is net vyf-en-twintig!

Deur **MARNUS STEYN**

**D**ie oom-ding kom al 'n baie ver pad met my saam. Ons Steyns het, soos ons voorvaders, reeds vroeg in ons lewens begin grys raak. Die uwe het reeds op negentien jaar sy eerste grys haar gekry en dadelik uitgepluk. Op 24 jaar het my slape die uitplukkery nie meer geduld nie en het ek die stryd verloor. Die grys hare moes maar hulle loop neem.

Maar die vroeg grys word het meer voordele as wat 'n mens dink. Tot so 'n mate dat die kamerade my vroeg reeds begin oubaas noem het. Hulle het ten minste respek en eerbied getoon. Die voordeel van grys word is dat nie seer is nie. Jy kan jou rammetjie uitnek hou met die fris jong brekers want hulle slaan nie sommer aan 'n ou man nie.

Met die verkiesing in 1994 staan ek en wyfie in die tou by die stemlokaal in Port Shepstone. Dis warm en sy staan met 'n sambreel en ek het 'n pet op. Dis 'n hengse lang tou van alle kleure en geure.

'n Paar vroue-polisiekonstabels loop langs die rye af en haal die ou mense uit die tou om voor te gaan stem. Een van hulle kom na ons kant toe. Ek sê vir wyfie, 'check my kameraadsielkunde', en ek haal my pet af!

Die juffrou-konstabel kom reguit op my afgepyl. Onthou dat ek net een-en-veertig was, maar pure grys! Langs my 'n dame met pikswart hare met nie een anderskleurige haar nie. Ook nie gekamoefleer deur 'n chemiese middel nie.

"Oom, sal oom-hulle asseblief saam met my kom dan hoef oom en die tannie so lank in die son te staan nie." Viva vir grys hare! Al kruppelend met een mank voet, maar alles toneelspel van my kant, is ons binne vyf minute in en uit! Snaaks hoe die trek van 'n kruisie oombliklik 'n mank poot gesond kan maak!

'n Klant besoek my vir die eerste keer by die werk. Hy 'Oom' my die heel pad. Ek vervies my vir die ge-omery.

"Hoe oud is jy?," vra ek hom.

"Vyf-en-veertig."

Ek vra hom vir sy I.D.

"Waarom noem jy my oom?," vra ek.

"My ma het my geleer om iemand wat tien jaar of ouer is as ek oom te noem.

"Nou waarom noem jy my om as ek veertig jaar oud is?"

Jare gelede, toe my oorlede ma nog my baas in die besigheid was, kom ek van buite af die kantoor binne. 'n Klant staan en wag. Ek vra of ek kan help.

"Nee, dankie, jou vrou het my reeds gehelp!"

Ja-nee, die vroeg grys word, is 'n bokkerse ding!

Soos reeds gesê, is die voordele meer as die nadele. Daar is net een groot seerplek: Daardie mooi meisies van een-en-twintig. Dit vat aan 'n man as hulle jou oom noem en jy is net vyf-en-twintig!

Dit kan seker verskoon word net solank hulle nie vir jou nee sê nie.

Dit laat my dink aan die ou toppie wat op troue gestaan het met so 'n jong blaar. Die ou kêrel het sy GP besoek vir 'n 'check-up.'

"Oom, ek wil oom net waarsku dat hierdie jong bokkies baie veeleisend kan wees. Meer nog, dit kan dodelik wees!"

"Wel, dokter, as sy moet doodgaan, moet sy maar doodgaan!"

Nee wat, net solank ek self nie dink ek is 'n oom nie, gee ek nie om wat die res



te sê het nie.

So terloops. Ek het op een-en-vyftig oupa geword. Dieselfde jaar as bovermelde stemmery!

Wat het ek destyds daarvan gesê?

"Bewaar die donner wat my oupa noem!"

**KAMMANUUS verskyn weer op 21 APRIL**